Soek jy 'n fantastiese tutor?

www.teachme2.com/matriek

Byeengebring deur

teachme2

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE V1

NOVEMBER 2021

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye, 'n HTML-merkersblad, 'n toevoermasker-karakterblad, twee bladsye vir beplanning en en 'n aparte inligtingsblad.

Kopiereg voorbehou

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. As gevolg van die aard van hierdie praktiese eksamen is dit belangrik om daarop te let dat, selfs as jy die eksamen vroeg klaarmaak, jy NIE toegelaat sal word om die eksamenlokaal te verlaat voordat al die administratiewe funksies wat met die eksamen geassosieer word, gefinaliseer is NIE. Gedurende die eksamen sal die normale reëls oor die verlating van die eksamenlokaal geld.

2. As jy op die netwerk werk, of as die datalêers vooraf op jou stelsel gelaai is, moet jy die instruksies volg wat deur die toesighouer/onderwyser gegee word.

3. Aan die einde van die eksamen moet jy seker maak dat AL jou antwoordlêers op die netwerk/rekenaar gestoor is, soos deur die toesighouer/onderwyser aan jou verduidelik is.

4. Maak absoluut seker dat al die lêers gelees kan word. MOENIE onnodige lêers/lêergidse stoor NIE **en MOENIE duplikaat-antwoordlêers/-lêergidse inlewer NIE. MOENIE enige oorspronklike lêers waarop jy nie gewerk het nie, verwyder NIE.**

5. Die inligtingsblad wat saam met die vraestel verskaf word, **MOET NA AFLOOP VAN DIE DRIE-UUR-EKSAMENSESSIE INGEVUL WORD**. Lewer dit aan die einde van die eksamen by die toesighouer in.

6. 'n Kopie van die meesterlêers ('master files') sal by die toesighouer beskikbaar wees. Indien daar enige probleme met 'n lêer is, mag jy die toesighouer vir 'n ander kopie vra.

7. Hierdie vraestel bestaan uit SEWE vrae. Beantwoord AL die vrae.

8. Lees deur elke vraag voordat jy dit beantwoord of die probleem oplos. MOENIE meer doen as wat die vraag vereis NIE.

9. Maak seker dat jy elke dokument stoor deur die lêernaam wat in die vraestel gegee word, te gebruik. Stoor jou werk gereeld as 'n voorsorgmaatreël teen moontlike kragonderbrekings.

10. Jy mag GEEN hulpbronmateriaal gebruik NIE.

11. Akkuraatheid sal in berekening gebring word.

12. Maak seker dat die streeksinstellings ('regional settings') op Suid-Afrika ('South Africa') ingestel is en dat datum- en tydinstellings, nommerinstellings en geldeenheidinstellings ('currency settings') korrek ingestel is.

13. Vir alle woordverwerkingsvrae moet jy die taal op 'English (South Africa)' stel. Neem aan dat die papiergrootte A4 Portret ('Portrait') is, tensy anders aangedui. Gebruik sentimeter as maateenheid.

Kopiereg voorbehou

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

14. Maak seker dat die 'Developer'-oortjie en die liniaal ('Ruler') geaktiveer is.

15. Maak seker dat die desimale simbool ('decimal symbol') as ʼn punt ('.') gestel is en die lys-skeikarakter ('List separator') as 'n komma (',') gestel is.

16. Formules en/of funksies moet vir ALLE berekeninge in sigbladvrae gebruik word. Gebruik absolute selverwysings slegs waar nodig, om seker te maak dat formules korrek is wanneer jy dit na ander selle in 'n sigblad kopieer.

    LET WEL: Alle formules en/of funksies moet só ingevoeg word dat die korrekte resultate steeds verkry sal word, selfs as veranderinge aan die bestaande data gemaak word.

17. Jy mag NIE 'n woordverwerkingsprogram soos Word gebruik om die HTML-vraag te beantwoord NIE.

18. Die eksamendata-lêergids wat jy saam met hierdie vraestel ontvang, bevat die lêers wat hieronder aangedui word. Maak seker dat jy al die lêers het voordat jy met hierdie eksamen begin.

• 1Clean	Prent
• 1Health	Woordverwerkingslêer
• 2Marine	Woordverwerkingslêer
• 3Logo	Prent
• 3Projects	Sigblad
• 4Air	Sigblad
• 5Save	Databasis
• 6_1Clean	HTML-lêer
• 6_1Plastic	Prent
• 6_2Pollute	HTML-lêer
• 7Company	Sigblad
• 7Date	Sigblad
• 7Letter	Woordverwerkingslêer
• 7Picture	Saamgeperste lêer

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

SCENARIO

Besoedeling is tans een van die grootste omgewingsaangeleenthede. Afvalprodukte kan land-, water- en lugbesoedeling veroorsaak. 'n Groeiende bewustheid van die negatiewe invloed van besoedeling moedig mense aan om betrokke te raak by projekte om besoedeling te keer en die omgewing skoon te maak.

VRAAG 1: WOORDVERWERKING

Maak die **1Health**-woordverwerkingsdokument oop en voeg jou eksamennommer in die bladsyboskrif ('header') of bladsyonderskif ('footer') in.

1.1 Verander die bladsygrootte van die dokument na A4. (1)

1.2 Verander die lynspasiëring van die paragraaf wat met 'The following is …' begin en met '… by air pollution.' eindig om dieselfde te wees as die lynspasiëring van die eerste paragraaf. (1)

1.3 Vervang al die gevalle van die presiese teks 'ozone' om in Arial Narrow, vetdruk ('bold') en skuinsdruk ('italic') te vertoon. (3)

1.4 Voeg 'n teksblokkie van 9 cm hoog by 8 cm wyd in en skuif die teks wat met 'Nitrogen dioxide …' begin en met '… from heart disease.' eindig in die teksblokkie in.

Die teksblokkie moet vertoon soos hieronder getoon.

Die bokant van die teksblokkie is relatief tot die woord 'air' en die onderkant van die teksblokkie is relatief tot die woord 'Ground'.

However, your symptoms may get worse when air pollution reaches the 7–9 (high) or 10 (very high) bands, especially if you are elderly. If this happens, you may need to change your treatment in the usual way. If these steps do not help, consult your doctor.

WHERE DOES AIR POLLUTION COME FROM?

The service reports daily outdoor levels of pollution, mostly from outdoor sources. Different sources are responsible for different pollutants. Road transport is the main source of nitrogen dioxide and carbon monoxide. Power stations and other industrial sources also produce nitrogen dioxide. Industry is the main source of Sulphur dioxide. Particles come from many sources, including road transport, power stations and other industry. The burning of wood or coal for home heating can also be an important source of Sulphur dioxide and particles. Ground level ozone is not emitted directly from any source. Instead it is formed when sunlight acts on nitrogen dioxide and other atmospheric substances close to the ground. The pollutants that cause ground level

Nitrogen dioxide

These gases irritate the airways of the lungs, increasing the Sulphur dioxide symptoms of those suffering from lung diseases.

Particles

Fine particles can be carried deep into the lungs where they can cause inflammation and a worsening of heart and lung diseases.

Carbon monoxide

This gas prevents the normal transport of oxygen by the blood. This can lead to a significant reduction in the supply of oxygen to the heart, particularly in people suffering from heart disease.

(4)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

1.5 Vind die teks wat met die opskrif 'DOES IT MAKE A DIFFERENCE WHERE I LIVE?' begin en met '… fuels and vehicles.' eindig.

- Verander die uitleg van die teks om in twee kolomme te vertoon.
- Stel die breedte van die eerste kolom op 8 cm.
- Stel die spasie tussen die kolomme op 1 cm. (3)

1.6 Vind die teks wat met die opskrif 'On the road' begin en met '… keeping windows closed.' eindig.

Pas veelvlak-lysnommering ('multilevel list numbering') op die teks om te vertoon soos hieronder getoon.

1 On the road
   a) Road vehicles are a major source of many pollutants in urban areas. They produce over 50 per cent of the emissions of nitrogen oxides and over 75 per cent of carbon monoxide emissions.
2 **Before using your car, ask yourself:**
   a) Do I really need to make this journey?
   b) Could I walk or cycle instead of taking the car?
   c) Could I take a bus, taxi or train?
   d) Are the levels of air pollution already too high today?
3 **If you must drive:**
   a) Drive smoothly. You will save fuel, and your engine will also pollute less.
   b) Do not rev your engine unnecessarily.
   c) Maintain your car. Keep the engine properly tuned and the tyres at the right pressure.
   d) Turn off the engine when your car is stationary.
4 **At home**
   a) Buy water-based or low-solvent paints, varnishes, glues and wood preservatives.
   b) Avoid burning solid fuels, if possible. If you live in a smoke control area, burn only authorised smokeless fuels (your local authority can advise you).
   c) Avoid lighting bonfires, but if you must, do not light them when pollution levels are high or while the weather is still and cold. Only burn dry material and never burn household waste, especially plastic, rubber, foam or paint. Levels of pollution can be quite high on bonfire night and other events/festivals with bonfires, and sensitive people, including people with respiratory conditions, may notice some effects. However, exposure can be considerably reduced by remaining indoors and keeping windows closed.

(7)

1.7 Verander die 'UK Health Departement'-bron na 'n webtuiste-bron met die URL http://www.airquality.co.uk. (2)

1.8 Voeg 'n outomatiese bibliografie onder die opskrif 'Bibliography' aan die einde van die dokument by. (1)

1.9 Voeg die prent **1Clean** as 'n watermerk by die dokument in. Stel die skaal van die watermerkprent na 150%. (2)

1.10 Ondersoek die dokument vir enige kwessies ('issues') en verwyder alle versteekte teks ('hidden text') uit die dokument. (1)

Stoor en maak die **1Health**-dokument toe. **[25]**

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 2: WOORDVERWERKING

Maak die **2Marine**-woordverwerkingsdokument oop en voeg jou eksamennommer in die bladsyboskrif ('header') of bladsyonderskif ('footer') in.

2.1 Verander die font van die dokumenttitel 'UNESCO: Marine Pollution' na kleinbokas ('Small caps'). (1)

2.2 Formateer die opskrifte van die dokument sodat jy 'n inhoudsopgawe ('table of contents') onder die opskrif 'TABLE OF CONTENTS' kan invoeg, om soos hieronder te vertoon.

TABLE OF CONTENTS

Marine Pollution 2
What is polluting our Oceans? 2
How is this pollution threatening our Oceans? 2
How does this affect me? 3
What can I do? 4
What is IOC UNESCO doing? 4

(3)

2.3 Verwyder die outomatiese woordafbreking ('automatic hyphenation') uit die dokument. (1)

2.4 Voeg 'n byskrif ('caption') by die prent onder die opskrif 'What is polluting our Oceans?'. Die byskrifteks kan in die prent se alternatiewe teks gevind word. (2)

2.5 Verwyder die hiperskakel op die prent deur Chris Deacutis. (1)

2.6 Herstel (Restore') die prent onder die opskrif 'What can I do?' na die oorspronklike kleur. (1)

2.7 Vind die teks 'Question 2.6' onder die opskrif 'What is IOC UNESCO doing?'.

Vervang die teks 'Question 2.6' met 'n kruisverwysing ('cross-reference') na die IOC UNESCO-prent en vertoon slegs die bladsynommer. (2)

2.8 Voeg 'n voetnota soos volg in op die teks 'UNEP' wat op die laaste bladsy van die dokument gevind word:

- Stel die voetnota-nommeringformaat na A, B, C, …
- Stel die voetnota-nommering om op elke bladsy weer te begin.
- Voeg die voetnotateks 'Environment Programme' by. (4)

2.9 Voeg 'n veld in onder die teks 'INSERT HERE' om die aantal woorde in die dokument te vertoon. (1)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

2.10 Voeg outomatiese bladsynommering in die bladsyonderskrif van die dokument soos volg in:

- Gebruik die Tildes-formaat.
- Maak seker dat nommering nie op die voorblad ('cover page') en 'Table of Contents'-bladsy verskyn nie.
- Maak seker dat die nommer '~1~,' op die bladsy ná die 'Table of Contents' verskyn.
- Maak seker dat die bladsynommering op al die bladsye wat volg, voortgesit word. (4)

Stoor en maak die **2Marine**-dokument toe. **[20]**

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 3: SIGBLAD

LET WEL:

- Gebruik formules en/of funksies vir ALLE berekeninge in die sigblad.
- Gebruik absolute selverwysings SLEGS waar nodig om seker te maak dat formules korrek is wanneer jy dit na ander selle in ŉ sigblad kopieer.
- Voeg formules en/of funksies op só 'n manier in dat die korrekte resultate steeds verkry sal word, selfs al verander die bestaande data.
- Indien jy boublokke wil gebruik, gebruik die spasie daarvoor in die sigblad-datalêer toegeken.

Maak die **3Projects**-sigblad oop wat besonderhede bevat oor skoonmaakprojekte wat in 2019 begin het, insluitend 'n paar projekte wat vir die toekoms beplan word.

Werk in die **Sheet1**-werkblad.

3.1 Voeg die **3Logo**-prent, in jou eksamenlêergids gevind, in **sel A1** in sodat dit die hele sel bedek. (2)

3.2 Vul **sel A3** om soos **sel A2** te lyk. (1)

3.3 Hernoem die werkblad **Sheet1** na **Missions**. (1)

3.4 Gebruik 'n COUNTIF-funksie in **sel F3** om te bepaal hoeveel projekte 'n begroting groter as R 55 000.00 (**kolom F**) het. (2)

3.5 Die data in **kolom G** vertoon verkeerdelik waardes vir die herwinning van lugbesoedeling.

Pas 'n sigbladeienskap op **kolom G** toe om die selle met 'n kleur van jou keuse te vul wanneer die geteikende besoedeling (**kolom C**) as lugbesoedeling aangedui is. (5)

3.6 'n Projek word as klein, medium of groot gekategoriseer, afhangend van die aantal deelnemers (**kolom D**) wat by die projek betrokke is.

Voeg 'n geskikte LOOKUP-funksie in **sel J6** in om die projek-kategorie vir die eerste projek te bepaal, gebaseer op die aantal deelnemers (**kolom D**) en die lys in die **Categories**-werkblad. (4)

3.7 Die projekkoördineerder sal kennisgewings aan voornemende deelnemers stuur vir projekte wat binne die volgende 60 dae (**kolom E**) sal begin, die huidige datum ingesluit.

Gebruik 'n geneste IF-funksie/-formule in **sel K6** om die volgende boodskappe te vertoon:

- 'Notify' as 'n projek binne 60 dae vanaf die huidige datum sal begin, OF
- '*' as die projek ná 60 dae vanaf die huidige datum begin, OF
- 'Complete' as die projek voltooi is.

Pas die funksie/formule op die res van die **kolom K** toe. (6)

Stoor en maak die **3Projects**-sigblad toe. **[21]**

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 4: SIGBLAD

LET WEL:

- Gebruik formules en/of funksies vir ALLE berekeninge in die sigblad.
- Gebruik absolute selverwysings SLEGS waar nodig om seker te maak dat formules korrek is wanneer jy dit na ander selle in ʼn sigblad kopieër.
- Voeg formules en/of funksies op só 'n manier in dat die korrekte resultate steeds verkry sal word, selfs al verander die bestaande data.
- Indien jy boublokke wil gebruik, gebruik die spasie daarvoor in die sigblad-datalêer toegeken.

Die sigblad bevat inligting oor die lugkwaliteit-indeks (LKI) by verskillende meetstasies in Suid-Afrika gemeet, asook verwante gesondheidsinsidente vanaf 2012 tot 2019.

Maak die **4Air**-sigblad oop en werk in die **Quality**-werkblad.

4.1 Voeg 'n funksie in **sel D3** in om die tweede kleinste lugkwaliteit-indeks(LKI)-telling per jaar (**kolom E**) te bepaal. (3)

4.2 Voeg die opsie 'Urban' by die bestaande datavalideringsreël in **sel B7** deur die lys in **selle J7:J8** te gebruik. (1)

4.3 'n Risikogradering (**kolom G**) word aan die meetstasie gegee, afhangend van die LKI-vlak in **kolom F**, bv. 'n LKI-vlak van L1 sal 'n risikogradering van een uitroepteken (!) vertoon.

Voeg 'n kombinasie van teksfunksies in **sel G7** in om die aantal uitroeptekens (!) te vertoon deur die LKI-vlak in **kolom F** en die data in **sel D4** te gebruik. (4)

4.4 Stel die drukarea na **selle A6:H40**. (1)

Werk in die **Graph**-werkblad.

4.5 Gebruik 'n SUMIFS-funksie in **sel H2** en die data in die **Quality**-werkblad om die totale aantal gesondheidsinsidente van al die meetstasies in 2018 in die Oos-Kaap ('Eastern Cape') te bepaal. (5)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

4.6 Skep 'n grafiek om soos volg te vertoon:



(5)

Stoor en maak die **4Air**-sigblad toe. **[19]**

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 5: DATABASIS

Die munisipaliteit hou rekord van maatskappye wat tot die besoedelingsprobleem bydra. As deel van die poging het hulle ook die inwoners se herwinningsgewoontes ten opsigte van die oplossing van die besoedelingsprobleem ondersoek.

Maak die **5Save**-databasis oop.

5.1 Maak die **tbl5_1**-tabel in ontwerpaansig ('Design View') oop en redigeer soos volg:

5.1.1 Verander die veldgrootte van die *Coverage*-veld na 'Decimal'. (1)

5.1.2 Voeg 'n kombinasielys ('combo box') vir die *PollutionType*-veld in met die waardes 'Air', 'Land' en 'Water'. (2)

5.1.3 Waardes wat vir die *Level*-veld ingevoer word, moet strek vanaf 100 tot 1 000.

Voeg 'n geskikte valideringsreël in om seker te maak dat die data wat ingevoer word, geldig is. (3)

5.1.4 Voeg 'n veld met die naam *Evidence* met 'n geskikte datatipe in sodat dokumente/lêers met bewyse van aksies in hierdie veld ingesluit kan word. (2)

Stoor en maak die **tbl5_1**-tabel toe.

5.2 Verander die vorm met die naam **frm5_2**, wat op die **tblData**-tabel gebaseer is, in ontwerpaansig ('Design View'), soos volg:

- Verander die opskrif in die vormboskrif na 'Survey'.
- Voeg 'n datumkontrole in die vormonderskrif in sodat slegs die datum vertoon.
- Pas die Ion-tema ('Ion theme') op die vorm toe.
- Verander die formaat van die *YearBorn*-veld na 'Medium Date'.

Stoor en maak die **frm5_2**-vorm toe. (5)

5.3 Maak die navraag **qry5_3**, wat op die **tbl_Data**-tabel gebaseer is, in ontwerpaansig ('Design View') oop.

Vertoon die gemiddelde aantal kere wat items vir elke soort herwinningsaktiwiteit afgelaai is ('*DropOff*'). Maak seker dat die gemiddeld ('average') 'n heelgetalwaarde ('integer value') sal vertoon.

Stoor en maak die **qry5_3**-navraag toe. (3)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

5.4 Verander die **qry5_4**-navraag, wat op die **tbl_Data**-tabel gebaseer is, in ontwerpaansig ('Design View') oop.

- Vertoon slegs die velde *Name*, *Surname*, *YearBorn, Knowledge, RecyclingActivity* en *DropOff*.
- Sorteer die navraag alfabeties op *Surname*.
- Vertoon slegs die rekords waar inwoners aangedui het dat hulle oor kennis van herwinning beskik OF waar die *RecyclingActivity*-veld 'n waarde van 'Very Active' EN 'n *DropOff*-getal van 15 het.

Stoor en maak die **qry5_4**-navraag toe. (7)

5.5 Maak die **qry5_5**-navraag, wat op die **tbl_Data**-tabel gebaseer is, in ontwerpaansig ('Design View') oop.

- Vertoon slegs die rekords van mense wat na 1990 gebore is.
- Voeg 'n berekende veld met die naam *NewDrop* in om 'n toename van 10% in die getal kere wat herwinbare materiaal afgelaai is (*'DropOff'*) te bepaal.

Stoor en maak die **qry5_5**-navraag toe. (5)

5.6 Maak die **rpt5_6**-verslag oop, op die **qry5_4**-navraag in ontwerpaansig ('Design View') gebaseer en verander dit om soos hieronder te vertoon. Gebruik enige agtergrondkleur vir die verslagboskrif.

Rpt5_6

Surname	Name	YearBorn	Knowledge	RecyclingActivity	DropOff
Activity	75				
Ally	Mohandas	1968-07-12	Yes	Active	5
Aubin	Joanna	1990-11-01	No	Active	1
Bailey	Heather	1972-03-02	No	Active	5
Ballon	Linda	1976-04-29	Yes	Active	4
Batiss	Pat	1992-08-26	Yes	Active	6
Bhengu	Melina	1981-10-03	No	Active	2
Bowlands	Jasmine	1971-12-22	No	Active	2
Bradbury	Henk	1970-09-29	No	Active	9
Branson	Nick	1987-04-22	No	Active	1
Breedt	Mike	1997-08-19	Yes	Active	1

(7)

Stoor en maak die **rpt5_6**-verslag toe.

Stoor en maak die **5Save**-databasis toe. **[35]**

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 6: WEBONTWERP (HTML)

LET WEL:

- **Jy mag NIE 'n woordverwerkingsprogram soos Word gebruik om die HTML-vraag te beantwoord NIE.**
- 'n HTML-merkersblad is vir verwysing aangeheg.
- Alle lêers wat benodig word om hierdie vraag te voltooi, kan in die eksamenlêergids gevind word.

'n Webblad is geskep om meer inligting oor 'n moontlike toekoms sonder besoedeling te gee.

6.1 Maak die onvolledige **6_1Clean**-lêer in 'n webblaaier en ook in 'n teks-/HTML-redigeerder oop.

The Global Crisis of Plastic Pollution

Cleaning up the ocean will require an international agreement on par with the Paris climate accord.

Top three plastic pollution contributors:

Tons per year	China	8.7
	Indonesia	3.2
	Philippines	1.9

A young sperm whale, the largest toothed predator on Earth and an endangered species, washed up on the beach in south eastern Spain in February. Wanting to know what killed it, scientists brought the whale's 5 896 kg body to a lab for a necropsy. They sliced it open and were shocked when they discovered 29 kg of plastic in its stomach. This trash had caused the severe infection that took the whale's life.

Scientists across the globe are increasingly finding wildlife that has been killed after ingesting or becoming entangled in plastic. Ninety per cent of sea birds, for example, have been found to have plastic in their bellies. And the problem is only getting worse: The estimated 19 billion kg of plastic that ends up in the ocean every year is expected to double by 2025. These plastics will not only kill more animals; they will decimate coral reefs, and damage human health as micro plastics enter the food chain. They create more and larger dead zones where nothing can live, harm biodiversity and change ecosystems. There will likely be additional, unknown impacts; researchers have only been studying ocean plastics for less than two decades.

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

LET WEL:

- Gebruik die voorbeeld op die vorige bladsy as 'n riglyn om jou met hierdie vraag te help.
- Vraagnommers verskyn as kommentaar ('comments') in die kodering om aan te dui waar jy die antwoord(e) moet invoeg. MOENIE hierdie kommentaar verwyder NIE.

6.1.1 Voeg jou eksamennommer in sodat dit in die oortjie van die webblad vertoon. (2)

6.1.2 Verander die fontkleur van die opskrif 'The Global Crisis of Plastic Pollution' na rooi. (1)

6.1.3 Verander die kode sodat die prent vertoon. (2)

6.1.4 Verander die tabel sodat dit vertoon soos in die prent van die webblad op die vorige bladsy getoon word. (3)

Stoor en maak die **6_1Clean**-lêer toe.

6.2 Maak die involledige **6_2Pollute**-lêer in 'n webblaaier en ook in 'n teks-/HTML-redigeerder oop.

Voltooi die webblad om presies soos in die voorbeeld hieronder te vertoon.

Home Page

Types of pollution

1. Air pollution
   - Ground-level ozone
   - Carbon monoxide
   - Sulphur oxides
   - Nitrogen oxides
   - Lead
2. Water pollution
3. Light pollution
4. Noise pollution
5. Soil pollution

Stoor en maak die **6_2Pollute**-lêer toe. (6)

EEN punt sal vir korrekte sluitingsmerkers en korrekte nesting in beide lêers toegeken word. (1)

[15]

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 7: ALGEMEEN

Besoedeling wek kommer by baie maatskappye en die verantwoordelikheid om dit te beheer, hang van die bestuur van die maatskappye af.

7.1 Nadat die besoedeling in 'n spesifieke gebied gemonitor is, moet 'n brief vir die maatskappye met 'n kommerwekkende besoedelingsgeskiedenis voorberei word.

Maak die **7Letter**-dokument oop om vir 'n possamevoeging te gebruik.

7.1.1 Verander die vormkontroles in die brief soos volg:

- Verander die vormveldkontrole ('form field control') onder die teks 'Date:' om die huidige datum te vertoon.
- Voeg die opsie '14' in die aftrekvormveldkontrole ('drop-down form field control') langs die teks 'Reply required within:'.

Stoor die **7Letter**-dokument, maar moet dit NIE toemaak NIE. (2)

7.1.2 Berei die possamevoeging soos volg voor:

- Skakel die **7Letter**-dokument met die databron, die **7Company**-sigblad.
- Kies slegs die maatskappye wat 'n 'high'- en 'very high'-vlak het.
- Vervang die teks '<Company>' en '<Level>' om die 'company' en die 'level' vanuit die **7Company**-sigblad te vertoon.

Stoor die **7Letter**-dokument, maar moet dit NIE toemaak NIE.

Voltooi die possamevoeging en stoor die saamgevoegde dokument as **7Merge**. (6)

Maak die **7Letter**-dokument toe.

Die Besoedelingsbeheerraad ('Pollution Control Board') sal sertifikate aan maatskappye met 'n konsekwente lae vlak van besoedeling gee. Die sertifikate sal uitgereik word in die maand wat met die monitordatum ooreenstem.

Maak die **7Date**-sigblad oop.

Werk in die **Monthly**-werkblad.

7.2 Voltooi die funksie/formule in **sel D3** om die name te vertoon van die maatskappye wat 'n lae vlak (**kolom B**) van besoedeling het en waar die monitordatum (**kolom C**) in November was. (3)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

Werk in die **7.3**-werkblad.

7.3 Vertoon 'n alfabetiese lys van name van al die maatskappye met 'n 'Very high'-vlak van besoedeling en waar die monitordatum in 2021 was. (3)

Stoor en maak die **7Date**-sigblad toe.

7.4 Onttrek die prentlêer uit die wagwoordbeskermde lêergids met die naam **7Picture** deur wagwoord 'November' te gebruik. (1)

[15]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

HTML-MERKERSBLAD ('HTML TAG SHEET')

Basiese merkers ('Basic Tags')	
Merker ('Tag')	**Beskrywing**
<body></body>	Definieer die liggaam van die webblad
<body bgcolor="pink">	stel die agtergrondkleur van die webblad
<body text="black">	Stel die kleur van die liggaamteks
<head></head>	Bevat inligting oor die webblad
<html></html>	Skep 'n HTML-dokument – begin en eindig 'n webblad
<title></title>	Definieer 'n titel vir die webblad
 	Voeg 'n reëlbreuk in ('line break')
<!-- -->	Kommentaar

Teksmerkers ('Text Tags')	
Merker('Tag')	**Beskrywing**
<hl></hl>	Skep die grootste opskrif
	Skep die kleinste opskrif
	Skep teks in vetdruk
	Skep teks in skuinsdruk
<u></u>	Skep onderstreepte teks
	Stel fontgrootte van "1" tot "7" "
 	Stel fontkleur
	Stel fonttipe

Skakelmerkers ('Links Tags')	
Merker ('Tag')	**Beskrywing**
	Skep 'n hiperskakel
<img src="name">	Skep 'n prentskakel
	Skep 'n teikenarea in die dokument
	Skakel na 'n teikenarea wat elders in die dokument geskep is
	Skakel na 'n e-posadres

Formateringsmerkers ('Formatting Tags')	
Merker('Tag')	**Beskrywing**
	Skep 'n nuwe paragraaf
	Stel 'n paragraaf "left" inlyn (verstek), kan ook "right" of "center" wees
	Skep 'n genommerde lys
<ol type="A","a", "I","i","1">	Definieer die tipe nommers wat gebruik word
	Skep 'n kolpuntlys
<ul type="disc", "square","circle">	Definieer die tipe kolpunte wat gebruik word

Formateringsmerkers ('Formatting Tags') vervolg	
Merker ('Tag')	**Beskrywing**
	Word voor elke lys-item ingevoeg, en voeg 'n nommer of simbool by afhangende van die tipe lys wat geselekteer is
<img src="name">	Voeg 'n prent in
<img src="name" align="left">	Stel 'n prent inlyn, kan " right"; "bottom", "top", "middle" wees
<img src="name">	Stel 'n prent "center" inlyn, kan ook "middle" wees
<img src="name" border="1">	Stel die grootte van die raam rondom 'n prent
<img src="name" width="200" height ="200">	Stel die hoogte en breedte van 'n prent
<img src="name" alt="alternative text">	Vertoon alternatiewe teks wanneer die muis oor 'n prent gehou word of wanneer die prent nie gevind kan word nie
	Voeg 'n horisontale lyn in
<hr size="3"/>	Stel die grootte (hoogte) van 'n reël
<hr width="80%"/>	Stel die breedte van 'n lyn, in persentasie of absolute waarde
<hr color= "ff0000"/>	Stel die kleur van die lyn

Tabelmerkers ('Tabel Tags')	
Merker ('Tag')	**Beskrywing**
<table></table>	Skep 'n tabel
<tr></tr>	Skep 'n ry 'n tabel
<td></td>	Skep 'n sel 'n tabel
<th></th>	Skep 'n tabelopskrif ('n sel met vetgedrukte, gesentreerde teks.)
<table width="50">	Skep die breedte van die tabel
<table border="1">	Stel die breedte van die raam rondom die selle van die tabel
<table cellspacing="1">	Stel die spasie tussen die selle van die tabel
<table cellpadding="1">	Stel die spasie tussen die selraam en die inhoud daarvan
<tr align="left">	Stel die inlynstelling vir die sel(le) ("left", kan ook "center" of "right" wees)
<tr valign="top">	Stel die vertikale inlynstelling vir sel(le) ("top", kan ook "middle" of "bottom" wees)
<td colspan="2">	Stel 'n getal kolomme waaroor 'n sel moet strek
<td rowspan="4">	Stel die getal rye waaroor 'n sel moet strek

Kopiereg voorbehou

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

TOEVOERMASKER('INPUT MASK')-KARAKTERBLAD

Karakter	Beskrywing
0	Syfer (0 tot 9, inskrywing vereis, plus [+]- en minus [–]- tekens nie toegelaat nie)
9	Syfer of spasie (inskrywing nie vereis nie, plus [+]- en minus [–]- tekens nie toegelaat nie)
#	Syfer of spasie (inskrywing nie vereis nie; spasies word as oop plekke vertoon terwyl in Redigeringsmodus ('Edit mode'), maar oop plekke word verwyder wanneer data gestoor word, plus [+]- en minus [–]- tekens toegelaat)
L	Letter (A tot Z, inskrywing vereis)
?	Letter (A tot Z, inskrywing opsioneel)
A	Letter of syfer (inskrywing vereis)
a	Letter of syfer (inskrywing opsioneel)
&	Enige karakter of 'n spasie (inskrywing vereis)
C	Enige karakter of 'n spasie (inskrywing opsioneel)
. , : ; - /	Desimale plekhouer en duisende-, datum- en tydskeikarakters. (Die werklike karakter hang van die instellings in die '**Regional Settings Properties**'-dialoogblokkie in die 'Windows Control Panel' af.)
<	Veroorsaak dat alle karakters na onderkas ('lower case') omgeskakel word
>	Veroorsaak dat alle karakters na bo-kas ('upper case') omgeskakel word
!	Veroorsaak dat toevoermasker van regs na links, in plaas van links na regs, vertoon word. Karakters in die masker getik, vul dit altyd van links na regs. Jy kan die uitroepteken op enige plek in die toevoermasker invoeg.
\	Veroorsaak dat die karakter wat volg, as die letterlike karakter vertoon word (bv. \A word slegs as A vertoon)

Kopiereg voorbehou

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

JY MAG HIERDIE BLADSY VIR ENIGE BEPLANNINGSDOELEINDES GEBRUIK.

Kopiereg voorbehou

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

JY MAG HIERDIE BLADSY VIR ENIGE BEPLANNINGSDOELEINDES GEBRUIK.

Kopiereg voorbehou

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

Eksamenplakker

150

REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE V1 – NOVEMBER 2021

INLIGTINGSBLAD *(moet NA die 3 uur-sessie deur die kandidaat ingevul word)*

SENTRUMNOMMER _____

EKSAMENNOMMER _____

WERKSTASIENOMMER _____

SUITE GEBRUIK (Maak 'n kruisie in die toepaslike blokkie (**X**))	Microsoft Office 2013	Microsoft Office 2016	Microsoft Office 2019	Office 365	
WEBBLAAIER GEBRUIK (Maak 'n kruisie in die toepaslike blokkie (**X**))	Mozilla Firefox	Google Chrome	Internet Explorer	Microsoft Edge	Ander (Spesifiseer)

LÊERGIDSNAAM _____

Kandidaat moet die lêernaam/-name vir elke antwoord invul. Maak 'n regmerkie indien gestoor en/of gepoog.

Vraag-nommer	**Lêernaam**	**Gestoor (✓)**	**Gepoog (✓)**	**Maksimum Punt**	**Punt Verdien**	**Nasiener Voorletters/ Kode**
1	1Health			**25**		
2	2Marine			**20**		
3	3Projects			**21**		
4	4Air			**19**		
5	5Save			**35**		
6	6_1Clean			**15**		
	6_2Pollute					
7	7Letter			**15**		
	7Merge					
	7Date					
	7Picture					
TOTAAL				**150**		

Kommentaar: *(Slegs vir kantoor/nasiener se gebruik)*

_____

_____

Kopiereg voorbehou